Hoofstuk 8 Die Oorlogsbuit / Surah Al-Anfal

Meeste van die onderwerpe in hierdie hoofstuk hou verband met die Slag van Badr waartydens Moslems 'n oorwinning behaal het oor die Ongelowiges

Die Beleid rakende oorlogsbuit word hier vasgestel:

1. Hulle vra vir jou wat die beleid is aangaande oorlogsbuit. Sê vir hulle: “Die oorlogsbuit is vir Allah en die Boodskapper: Allah is die ware eienaar daarvan en die verantwoordelikheid om dit te verdeel, berus by die Boodskapper.” So, indien julle gelowiges is sal julle 'n heilige ontsag en respek vir Allah hê, julle verhoudings in orde kry deur op te hou om oor hierdie onderwerp met mekaar te verskil, en sal julle gehoorsaam wees aan Allah en Sy Boodskapper.

2. Waarlik, die gelowiges is hulle wie se harte gevul is met 'n heilige ontsag en respek wanneer die naam van Allah genoem word: en wanneer Sy verse aan hulle voorgehou word, word hulle daardeur net meer gelowig gemaak en hulle, hul vertroue in hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer stel.

3. Dit is hulle wat hul gereelde Aanbidding instandhou en van dit wat aan hulle gegee is, weggee.

4. Hulle is in werklikheid die gelowiges. Vir hulle is daar hoë aansien by hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer en dit wat hulle daar sal ontvang sal baie meer en baie beter is as wat hulle hier op aarde weggegee het.

5. Dit is soos toe julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer julle jul huise laat agterlaat het, ter wille van die waarheid, terwyl 'n groep van die gelowiges onwillig was om dit te doen,

6. en hulle met jou geargumenteer het oor die waarheid nadat dit duidelik geword het, so asof hulle na 'n dood gebryf was wat hulle kon sien.

7. En toe Allah jou belowe het dat een van ddie twee groepe vir jou was, en jy gewens het dat die ongewapende een vir jou was. Allah wou die waarheid vasstel deur Sy woorde en die werklike wortel van die ongelowiges afsny,

8. sodat Hy die waarheid kon bewys as waar en die valsheid as vals, selfs al het die sondaars nie darvan gehou nie.

9. Toe jy na jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer om hulp geroep het, het Hy gereageer deur te sê: “Ek gaan jou ondersteun met 'n duisend engele, een na die ander.”

10. En Allah het die belofte gemaak net sodat Hy vir julle die goeie nuus kan gee, en julle bekommerde harte daardeur tot ruste kon kom. En die hulp kom van niemand anders af nie as net van Allah. Waarlik, Allah is Magtig en Wys.

11. Toe Hy julle met lomerigheid oordek het, kalmte wat van Hom af neerdaal en reën uit die hemele op julle neergestuur het, sodat Hy julle daarmee kon reinig, en daardeur die onreinheid van Satan van julle kon verwyder teneinde julle harte te versterk en julle voete ferm.

12. Toe jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer aan die engele openbaar het: “Ek is met julle. So, gaan en versterk die gelowiges. Ek sal die harte van die ongelowiges bevrees maak. Slaan hulle oor hulle nekke en tref hulle so erg dat julle selfs al die gewrigte van hulle vingers tref.”

13. Dit omdat hulle vyandig was teenoor Allah en Sy Boodskapper. Wie ook al vyandig raak teenoor Allah en Sy Boodskapper, sal Allah geweldig straf.

14. Dit is maar net 'n voorsmakie van die straf wat wag en vir die ongelowiges is daar ook die straf van die Vuur.

Verse 15 en 16 vertel van die Militêre Wet in Islam

15. Gelowiges, wanneer julle die ongelowiges van aangesig tot aangesig sien marsjeer na die slagveld toe, moet dan nie julle rue op hulle draai nie.

16. En wie ook al daardie dag sy rug op hulle draai, tensy hy besig is met maneuvers vir die stryd of draai om by 'n ander groep soldate aan te sluit, haal vir homself die woede van Allah op die hals, en sy woonplek is die Hel, 'n slegte plek om na terug te keer.

As Allah vir ons is, wie kan teen ons wees

17. So, dit was nie julle wat hulle doodgemaak het nie, maar Allah. En dit was nie julle wat julle spiese gegooi het toe julle dit gegooi het nie, maar Allah, sodat Hy die gelowiges 'n guns kon doen en hulle daardeur seën. Waarlik Allah is die Alhorende, die Alwetende.

18. Afgesien daarvan is Allah die Een wat die planne en oogmerke van die ongelowiges frustreer.

19. Koereisj in Mekka, julle het gebid so asof julle aanvaar dat julle die gekose groep sou wees, dat Allah die oorwinning moet gee aan die Godsdiens en Geloof volgens Allah se keuse: en julle het jul 'oorwinning' gekry: Allah het julle gebed beantwoord. Dit sou beter vir julle wees indien julle sou opgee, en jul ongeloof en vyandigheid laat staan. Maar as julle sou besluit om ongelowig te bly en jul gewapende aggressie voortsit: dan sal Allah ook so doen en die Moslems ondersteun. En julle oormag sal julle niks baat nie, want Allah is met die gelowiges.

Gelowiges moet hoor en luister

20. Gelowiges, wees gehoorsaam aan Allah en Sy Boodskapper, en moenie van hom af wegloop terwyl julle

nog hoor dat hy praat nie: luister mooi en doen wat hy vir julle sê.

21. Moenie wees soos diegene wat sê: “Ons het gehoor.” terwyl hulle eintlik nie geluister het nie.

22. Die swakste van alle diere op die aarde is die wat doof en stom is en niks verstaan nie.

23. Indien Allah in sulke diere iets goeds gesien het, sou Hy hulle gemaak het om te kan luister. En indien Hy hulle gemaak het om te kan luister, dan sou hulle weggedraai het sonder om aandag te skenk aan wat gesê word. Gelowiges moet dus nie soos redelose diere wees nie want dan mis hulle die seëninge van Allah en word hulle erger as diere.

Waneer die behoefte om die goeie te doen of gehoorsaam te wees by jou opkom doen dit dadelik

24. Gelowiges, reageer op Allah en die Boodskapper wanneer Hy julle roep na dit toe wat julle lewe gee want dit is tot julle voordeel, en wees verseker dat Allah die beheer uitoefen tussen die mense en sy hart: Allah plaas of 'n hindernes tussen die hart van die mens en die sonde volgens Sy wil of tussen sy hart en die goeie, en wees verseker dat julle by Hom vergader gaan word.

25. Pasop vir 'n straf wat nie net diegene wat die verkeerde doen sal tref nie, en wees verseker dat Allah erg is met straf.

26. Onthou julle toe julle net 'n paartjies was, verdruk op hierdie aarde, heeltyd bang dat die mense julle eensklaps sal doodmaak. Toe het Hy aan julle skuiling gegee en julle versterk met Sy ondersteuning en aan julle goeie dinge voorsien sodat julle dankbaar mag wees.

Vertrouensbreuk teenoor Allah en mede gelowiges

27. Gelowiges, moenie die vetroue wat Allah en die Boodskapper in julle stel verraai nie, en moenie die vertroue wat julle in mekaar stel verraai nie, terwyl julle goed weet wat julle verantwoordelikhede teenoor Allah en mekaar is en wat die negatiewe gevolge van vertrouensbreuk is.

28. Wees voortdurend bewus daarvan dat julle besittings en julle kinders niks anders as 'n toets tot straf of beloning vir julle is nie, en dat daar by Allah vir julle 'n groot beloning is vir diegene wat besittings en kinders in die regte verhouding tot gehoorsaamheid aan Allah plaas.

29. Gelowiges, as julle 'n heilige ontsag en respek vir Allah het, sal Hy julle van die vermoë voorsien om tussen reg en verkeerd te kan onderskei, en Hy sal julle sondige dade afskryf en julle vergewe. Allah is die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van groot oorvloed.

30. En onthou toe die ongelowiges teen jou planne beraam het om jou gevange te neem of jou dood te maak of te verban. Hulle het planne beraam en Allah het planne beraam, en Allah is die beste van die wat planne beraam.

31. wanneer Ons verse aan hulle voorgedra word, dan sê hulle: “Ons het gehoor en as ons wou kon ons iets soortgelyks sê. Dit is niks anders nie as antieke verhale.”

32. En onthou toe die mense van Mekka gesê het: “As hierdie regtig geopenbaarde waarheid vanaf U is, laat reën dan op ons klippe uit die hemele, of bring 'n pynlike straf oor ons.”

33. Maar Allah sal nie 'n straf oor hulle bring terwyl jy daar tussen hulle is nie, en ook, al is jy nie meer daar nie maar in Medina, sal Allah nie straf stuur terwyl die swakker Moslems wat moes agterbly nog om vergifnes vra nie.

34. Wat maak hulle so spesiaal dat Allah hulle nei sal traf nie, terwyl hulle die gelowiges keer om in die Haram Moskee te gaan Aanbid terwyl hulle nie die opsigters is nie. Doe opsigters is niemand anders nie as diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah het, maar hulle besef dit nie.

35. En hul gebede naby die Moskee was niks anders nie as 'n gefluister met die mond en geklap van die hande. So, kry dan nou 'n voorsmaak van die straf omdat julle nie geglo het nie.

Vers 36 versinnebeeld die spandering van geld in vandag se tyd deur die ongelowiges op hospitale, skole en welsyn teneinde mense van Islam na Shirk te lok asook spandering van diegene wat van die ware islam afgdwaal het

36. Die ongelowige leier van die handelsreisigers spandeer hul geld om mense van die weg van Allah af weg te hou deurdat hulle geld aan die ongelowiges van Mekkah gegee het om hul nederlaag by die geveg van Badr te wreek met die geveg by Uhud. So, dit wat hulle spandeer het, het hulle alte gou berou, want is by die geveg by Uhud ook oorweldig. Die ongelowiges sal in die Hel bymekaargemaak word,

37. sodat Allah die ongelowiges, die onreines wat hul onrein, vuil en verbode geld spandeer het van die gelowiges, die reines wat hulle rein en skoon geld mooi en wettig spandeer het kan skei, die onreines en hul onrein geld sommer op mekaar kan stapel omdat hulle bymekaar hoor en deur hul dade na mekaar toe aangetrek word, en in die hel kan plaas. Hulle is die verloorders.

Pogings om die ongelowiges te oortuig en te waarsku

38. Maar sê aan die ongelowiges in jou pogings om hulle te probeer oortuig, dat as hulle dit waarmee hulle besig is sou staak, hulle vergewe sal word vir die sondes van die verlede, en waarsku hulle dat indien hulle die sondees van die verlede sou herhaal, moet hulle net in gedagte hou dat daar reeds bestaande wette en voorbeelde of presidente uit die verlede is van hoe Allah met sulke mense werk.

39. Beveg hierdie mense totdat daar nie meer enige wanorde of ongeloof bestaan nie maar net algehele gehoorsaamheid. Indien hulle egter hule optrede teen Moslems staak, moet hulle die voordeel van die twyfel kry en optrede teen hulle gestaak word omdat die mens net uiterlik kan beoordeel en slegs maar Allah die harte van mense ken.

40. Maar indien hulle nie hul optrede staak nie, weet dan verseker dat Allah julle beskermer is en wat 'n uitstekende beskermer en ondersteuner is Allah nie.

Die Wet insake die Verdeling van Oorlogsbuit

41. Neem kennis dat van enige oorlogsbuit wat julle mag ontvang, is een vyfde daarvan vir Allah en Sy Boodskapper, julle bloedverwante, die wesies, die behoeftes en die reisigers indien julle in Allah glo en dit wat Hy op die beslissende dag van die geveg by Badr aan julle gegee het as oorlogsbuit, die dag toe die twee magte van waar en vals mekaar ontmoet het. En Allah is mag oor alles.

'n Opsomming van die geveg by Badr

42. Onthou jy toe jy op die rand van die kloof naaste aan Medina was, en hulle op die rand van die verste een met die karavaan van die handelsreisiger Abu Sufyan aan die onderkant van julle naaste aan die ongelowiges. Indien julle dit so met mekaar gereël het kon julle van die afspraak afgewyk het. Maar ten spyte van die feit dat jul posisie ongunstig was en hulle die oormag gehad het en dit nie soos gewone gevegte beplan en voorberei was nie, het dit so plaasgevind sodat Allah daardeur die doel wat Hy voor oë gehad het kon bereik, en dit was dat goed en kwaad duidelik van mekaar onderskei sou word met hierdie geveg daarin dat wie ook al sou sterf deeglik bewus van die gebeure by Badr sou sterf en wie ook al bly lewe ook wetende sou bly lewe. Allah is Alhorend en Alwetend.

43. Allah het jou deur jou droom gewys dat hulle maar min was. As Hy jou hul ware getalle gewys het sou jy ontmoedig geraak het en die sinvolheid van die geveg betwis het, maar Allah het jou dit gespaar en julle gered. Waarlik Allah is Albewus van wat in die harte van mense is.

Gelowiges moet nie altyd hul oë glo nie maar in Allah bly vertrou

44. En toe julle mekaar uiteindelik op die slagveld ontmoet toe laat Allah dit vir julle lyk of hulle maar min is, soos wat julle vir hulle gelyk het, sodat Allah daardeur Sy doel kon bereik. Allah maak wat Hy wil en beveel soos Hy wil, Hy kan 'n minderheid 'n meerderheid laat oorwin en kan van min baie maak en van baie, min: alles is onder Allah se beheer.

45. Gelowiges, wanneer julle in 'n konfrontasie te staan kom, soos in 'n geveg, staan dan vas en wees ferm in julle harte en in julle optrede en roep Allah voordurend in herinnering deur stille lofprysing en aanbidding, deur verwysing na Allah in jou gesprekke en selfs deur luide gevegsuitroepe tydens die stryd, soos “Allah is die Allergrootste”, sodat julle suksesvol mag wees.

46. En wees gehoorsaam aan Allah en Sy Boodskapper, en moenie so erg met mekaar oor julle meningsverskille debateer dat dit in emosionele rusies ontwikkel nie: eerlike en opregte meningsverskille wat nie op ander afgedwing word nie ontwikkel nooit in rusies nie, sodat julle nie swakheid openbaar en julle magsposisie verloor nie, en wees geduldig. Waarlik Allah is met die geduldiges.

47. Moenie wees soos die Koereisj van Mekka wat oppad na Badr toe uit hulle huise kom met vroulike sangers en dromgeslaan, ewe spoggerig net om vir die mense te wys hoe vermoënd en sterk hulle staan nie, en sodoende ander mense verhoed om die weg van Allah na te volg en binne die Wil van Allah te lewe nie. Allah is deeglik bewus van alles wat julle doen.

Satan is die meester bedrieër, met allerhande truuks, dekmantels, and strategië

48. Die Satan wat aan hulle verskyn het in die vorm van Suraqah ibn Malik, 'n bekende en invloedryke stamleier in die gebied het hul optrede vir hulleself mooi gemaak en hul bekommernis oor 'n ander dreigende stam, die van Banu Bakr laat wegsmelt deur hulle te laat verstaan dat: “Niemand sal julle vandag kan oorwin nie want julle is te veel en te sterk. En moenie bekommerd wees oor Banu Bakr nie: ek sal na julle besittings en huise omsien terwyl julle by Badr gaan veg, want ek is julle beskermer.” Maar toe die twee groepe teenoor mekaar te staan kom, toe sien die Satan die mag der menigte van engele aan die kant van die Moslems en draai net daar op sy hakke om en sê: “Ek het niks met julle te doen nie. Ek sien wat julle nie sien nie. Ek is bang vir Allah, en Allah is baie erg met straf.” (K59:16)

Opregte bedoelings is alleen betroubaar as dit hand aan hand gaan met kennis van die Wil van Allah

49. Die mense wat voorgee wat hulle nie is nie in Medina en diegene wat kwaadwilligheid in hulle harte het, die veelgodeaanbidders in Mekka, het smalend van die Moslems wat in hulle minderheid maar opregtheid tot die Slag van Badr toegetree het, gesê: “Hierdie mense dink dat hulle hierdie geveg kan wen: hulle is mislei en bedrieg deur hulle geloof.” Maar Allah sien die saak anders: wie ook al sy algehele vertroue in Allah stel, kom nooit in die verleentheid nie, want hulle weet Allah is die Magtige, die Wyse.

50. As jy hulle maar net kon sien wanneer die engele die siele van die ongelowiges uithaal, terwyl die engele hulle op hul gesigte en rue slaan, en vir hulle sê: “Voel hoe voel die voorsmakie van die straf van die vlammende Vuur.” (K47:27)

51. En ongelowiges, hierdie straf is maar net wat julle met julle eie dade en optrede verdien het, want Allah is nie so wreed teenoor Sy diensknegte dat Hy hulle sal straf vir iets wat hulle nie oor hulleself gebring het nie.

52. Dit is niks nuuts nie: hulle optrede is dieselfde as die van die mense van Farao en diegene voor hulle. Hulle het nie geglo in die boodskap en die tekens van Allah nie. Die gevolg was dat Allah hulle vasgevat het oor hulle sonde. Waarlik, Allah is sterk, en baie erg met

straf.

53. En dit alles is omdat Allah nie Sy guns teenoor 'n volk verander nie tensy hulle vanself verander en hul dade nie meer verdienstelik is nie. wanneer hulle dan begin om te oortree in plaas daarvan om hulleself te korrigeer en te verbeter, dis dan wanneer Allah Sy guns onttrek en hulle goddelike straf verdien. En Allah is Alhorend en Alwetend: Hy hoor alles en weet alles wat daardie volk doen.

54. Dit is presies soos wat die mense van Farao en die voor hulle gemaak het. Hulle het die boodskap en tekens van hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer belieg en belaster en sodoende die seëninge van Allah, op hulle geminag en verseg om Hom as die Gewer van alle goeie te erken en te aanbid. Die gevolg was dat Ons alle seëninge onttrek het en dit vervang het met straf en hulle vernietig het as gevolg van hul sondes deur die mense van Farao te verdrink, want hulle was oortreders en sondaars.

55. Die ergste van alle diere en mense op die aarde, in die oë van Allah, is diegene wat Geloof verwerp, en hul godgegewe vermoëns verlore laat gaan deur hul fisiese behoeftes na te jaag as die einddoel van hul lewens en so die vermoë om te glo verloor:

56. diegene van wie jy 'n onderneming verkry het, en wat

dan elke keer hul onderneming verbreek, omdat hulle nie 'n heilige ontsag en respek vir Allah het nie.

57. wanneer jy in 'n geveg dus oor sulke mense die oorhand kry, straf hulle behoorlik sodat dit as afskrikmiddel kan dien vir ander ongelowiges wat vyandiggesind teenoor Moslems is: hulle moet so skrik dat dit hulle van al hul dapperheid om terug te kom, ontneem.

Vertrouensbreuk

58. En indien jy bewus raak van 'n vertrouensbreuk ten opsigte van 'n vredesooreenkoms wat jy met iemand het, nie meer deur daardie party eerbiedig word nie, maak hulle daarvan bewus dat jy daarvan weet en dat dit jou los maak van jou verantwoordelikhede ten opsigte van die ooreenkoms. Allah hou nie van diegene wat vertrouensbreuk pleeg nie. (K10:41 & K21:109)

'n Mens kan nie die Wil van Allah uitoorlê nie

59. En die ongelowiges wat die slag van Badr oorleef het of gedros het voordat hulle doodgemaak kon word, moet nooit dink dat hulle die straf van Allah kan ontsnap 'n ie. Waarlik hierdie mense wat die dood vrygespring het by Badr fouteer as hulle dink dat hulle Wil en Krag van Allah uitoorlê het: 'n mens kan iets doen wat keer dat die Wil van Allah tot uitvoer kom nie.

Berei jouself goed voor binne jou vermoëns en vertou dan op Allah vir die res,. Die volgende verse hou verband met die voorbereidings vir die geveg by Badr, die eerste Moslemgeveg

60. Berei julleself, binne julle vermoëns, goed voor ten opsigte van al julle fisiese behoeftes soos krag, mag, verstandelike en sielkundige voorbereiding en hou alles op 'n gereedheidsgrondslag soos wat 'n mens genoeg goed opgeleide perde net ligweg vasgemaak, gereed sou hou en wat ook as 'n afskrikmiddel kan dien vir die vyande van Allah en julle vyande en ander vyande waarvan julle nie eens bewus is nie. Allah weet wie hulle is. Wat julle dus ook al finansieel belês in hierdie saak van Allah, julle sal dit ten volle terugbetaal word, of dit nou oorlogsbuit in hierdie wêreld is of vergoeding in die Hiernamaals, julle sal in geen opsig benadeel word nie.

Kies vrede indien dit in die beste belang van Moslems is

61. En as die vyand aandui dat hulle die vrede wil bewaar, val dan in by die idee indien dit in die beste belang van die Moslems is, en plaas jou vertroue in Allah. Waarlik Allah is die Alhorende, die Alwetende.

62. Maar as hulle beplan om jou te mislei en te bedrieg, , weet dan dat Allah genoeg is vir jou. Allah is die Een wat jou ondersteun het met Sy Hulp en met die gelowiges...

63. ...waarvan Hy die harte verenig het. Al sou jy alles op diee aarde daarvoor betaal het sou jy nooit kon regkry om die harte van die gelowiges te verenig nie. Net Allah kon dit regkry om hulle harte te verenig. Waarlik Hy is Magtig en Wys.

64. O Profeet, moenie bang wees vir enige vyand nie, maak nie saak hoe baie, hoe sterk of hoe goed hulle ook al toegerus is nie, Allah is genoegsaam vir jou, en so ook die gelowiges.

Die belofte van Goddelike Hulp

65. O Profeet, roep die gelowiges op tot die geveg. En gee aan hulle die versekering dat, as daar twintig van julle is wat standvastig en geduldig is, sal hulle twee honderd kan oorwin, en indien daar een honderd van julle is, sal hulle 'n duisend van die ongelowiges kan oorwin, want hulle is 'n volk wat nie verstaan nie. (K2:249)

66. En verder het Allah dit makilk vir julle gemaak want Hy weet dat daar swakheid in julle is. Soveel so dat indien daar een honderd van julle is watstandvastig en geduldig is , sal hulle twee honderd kan oorwin, en as daar een duisend van julle is, sal hulle twee duisend kan oorwin deur die Wil van Allah. Allah is met die standvastiges en die geduldiges.

67. Dit is nie gepas dat 'n profeet gevangenes sal aanhou nie totdat hy wel deeglik teen sy vyande in die land geveg het nie. Julle wil die dinge van hierdie wêreld hê, terwyl Allah vir julle die Hiernamaals wil hê. Allah is Algamtig en Alwys.

68. Indien daar nie van Allan vroeër 'n opdrag in hierdie verband was nie, dan sou julle 'n groot straf ontvang het vir dit wat julle van die oorlogsbuit gevat het.

69. So, geniet van die oorlogsbuit wat julle gekry het, wettig en rein, en hê 'n heilige ontsag en respek vir Allah.

70. O Profeet, sê aan die gevangenes onder julle beheer: “Indien Allah weet van enige goed wat in julle harte is, dan sal Hy julle iets beters gee as wat van julle afgevat is, en julle vergewe. Allah is Meesvergewend, Baiegenadig.”

71. En indien hulle beplan om verraad teen julle te pleeg, dan het hulle reeds verraad teen Allah gepleeg, en Allah het aan julle mag oor hulle gegee. Allah is Alwetend, Alwys.

72. Waarlik diegene wat geglo het en geëmigreer het en in die Stryd van Allah betrokke was deur middel van hulle besittings en lewens, asook diegene wat hulp en skuiling verskaf het: hulle is mekaar se vriende. Diegene egter wat geglo het en nie geëmigreer het nie, met hulle het julle geen vriendskapsbande nie, tensy hulle ook emigreer. En indien hulle jou hulp verlang rakende geloof, dan is jy verplig om te help behalwe teen 'n volk met wie julle 'n vredesverdrag het. Allah is waaksaam oor dit wat julle doen.

73. Die ongelowiges is vriende met mekaar, hulle help mekaar, erf van mekaar en trou met mekaar: indien julle, alle Moslems oor die hele aarde, nie net so vriende met mekaar is nie, mekaar help nie, van mekaar vererf nie en nie net met mekaar trou nie, kan dit grootskaalse wanorde en korrupsie afgee, met oorloë, gevegte en veelgodeaanbidding tot gevolg.

74. Die ware gelowiges is diegene wat geglo het, geëmigreer het, deelgeneem het aan die Stryd vir die saak van Allah, asook diegene wat hulp en skuiling verleen het. Vir hulle is daar vergifnes en 'n eerbiedige versorging.

75. Diegene ook wat later geglo het en geëmigreer het en deelgeneem het aan Stryd, hulle is ook een van julle. Wat betref diegene wat direkte familie van mekaar is: hulle is nader aan mekaar as al die Moslems wat op grond van broederskap aan mekaar verbind is. Waarlik Allah is bewus van alles.

Alle lof kom Allah toe

vir die toewyding wat die vertalers

van die Ma'ariful Quran

en die hersieners daarvan

aan die dag gelê het

wat ons nou instaat stel om dit

in kompakte formaat

vanuit Engels in Afrikaans te probeer oorsit